## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## ACIM: Begin weer na Skoolvakansie
## Ete volgende Sondag na Kerk

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

_______________________________________________

E-Mail________________________________ Sel____________________

Woonadres

_______________________________________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| **Bankrekening vir bydraes** | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel** | Ons vra 'n maandelikse bydrae |
| Takkode: **201-409** | hetsy per koevert of per EFT |
| Rekening: **551 601 09804** | Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum

## 30 Junie 2013

## VAN VERRAAD EN OORDEEL NA VREDE EN VRYHEID DIE VERHAAL VAN ESTER

## STILTE IN DIE KAPEL

~ THE CROW — HURTS ~

### IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Ons Almagtige Liefde en Ewige Lewe
hemel is om te onthou dat ons één is met U.
Heilig is U naam: "Ek is wat Ek is ..."
Laat U koninkryk kom deur ons
en bring ons in balans en harmonie met U.
Ons dank U vir die brood wat U gee;
brood van vergiffenis
soos die brood wat ons uitdeel aan almal
wat vir ons 'n naaste is —
en lei ons wanneer ons in versoeking kom;
maak ons vry van dit waaraan ons so swaar dra.
Want aan U behoort die krag van die skepping,
die heerlikheid van ons verwondering,
die eer van ons aanbidding,
van vandag af tot in alle ewigheid.
Amen

### - STILTETYD -

*Ek dank U vir die wonder van myself.*
*Wonderlik is U werke en my siel weet dit goed!*
*(Psalm 139:14)*

## GESPREKSIRKEL

## EENDAG, LANK-LANK GELEDE ...

Verhaal van Ester (Hadasah) speel af in die tyd van koning Ahasveros se Persiese Ryk gestrek het van Ethiopië tot Indië. Na 'n aand se kuier ontbied hy sy vrou Vashti om met haar *af-te-show* en sy weier. Hy vaardig wet af *(die wet van Mede en Perse)* dat alle vroue aan hul mans onderdanig moet wees. Ester *(niggie van Mordegai)* word sy nuwe vrou. Haman hoof van Administrasie. Na Mordegai 'n komplot om koning om die lewe te bring openbaar, word hy hoof van Sekuriteit. Haman is magsbehep en wil dat almal voor hom buig. Mordegai weier en Haman beplan om hom te hang én wil alle Jode om die lewe bring. Mordegai vra Ester om te help en sy reël ete en nooi Haman. Vra koning vir tweede ete met net die drie van hulle. Koning lees sy dagboek *(The book of Memorable Deeds)* oor Mordegai wat sy lewe gered het en vra Haman hoe hy 'n man wat sy lewe gered het moet beloon. Haman is so selfvoldaan dat hy dink koning praat van hom en gee lang lys van belonings. Ahasveros beveel hy moet dit aan Mordegai bewys. Die aand ontbloot Ester sy planne en koning laat hom hang aan dieselfde galg as wat hy vir Mordegai gemaak het. Ester word instrumenteel om die Jode te red van volksuitwissing ... hartseer dat hul nie *anders* daarop reageer nie!

## VERRAAD EN GEWAANDE VEROORDELING

***The call of God to human beings is always a call of wholeness. No one is whole when acting out of fear!*** Oorsaak en gevolg van verraad en veroordeling. Ons raak gou agterdogtig, vorm dan opinies, kleur dit in met persepsies en projekteer dit op wie ook al die skuld moet dra. Waar kom die idee van *separation* vandaan en hoekom doen ons dit? **Haman** se selfvoldane agterdog bou 'n galg waaraan hyself sterf ...

## WAARHEID OOR SELFWAARDE EN SELFRESPEK

***Fear causes people to diminish the worth and dignity of another when that other is judged to be somehow impure or inferior.*** Selfwaarde en selfrespek het met die waarheid vir jouself, oor jouself en met jouself te doen. Ons oordeel ander omdat ons onsself oordeel en na min waarde ag. Mordegai het geen rede gehad om die koning se lewe te red nie. **Ester** het als gehad wat sy wou hê maar wat het jy as jy nie deel nie? **Integriteit vra wat sal jy vir iemand doen wat niks kan teruggee nie?**

## ONS PLEK IN DIE KONINKRYK VAN GOD

***Our perception of truth evolves as our consciousness expands. Books like Esther points to the truth. So do we, and that is how the Kingdom come.*** Ons moet van ons eie troon abdikeer wat ons om ons gebou het. Ons moet van MAG geëmansipeer word en nie van mans of vroue nie. Ester (soos Rut) was twee vroue uit 'n nederige agtergrond wat die voortbestaan van 'n volk sou verseker! Wees die **Transformasie** wat begin by spirituele dissipline. Word 'n ster (Ester) wat lig en rigting gee vir hulle wat soek. **Staan vir iets!** Dis jou waarde, jou verantwoordelikheid, en jou vryheid.

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ HEROES (DAVID BOWIE) — MASTERS OF CHANT ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Purin is die maand waarin ons angs in blydskap verander
en ons rou in feestelikheid. Dit is dae van feesviering en vreugde waar
ons aan mekaar eetgoed en aan die armes geskenke gee. (Ester 9:22)

*Ons glo in één God wat geopenbaar word*
*sonder vorm, definisie of dimensie —*
*wat nie net die Skepper van Lewe is nie maar Lewe self is ...*

*Ons glo in Jesus wat die Christus genoem word*
*wat ons herinner: ons is een met God.*
*Wat in sy lewe, sterwe en wedergeboorte na sy dood*
*vir ons die Weg, Waarheid en Lewe geword het*
*van 'n eenheid in die Christus-Bewussyn*
*waar ons die weg, waarheid en lewe sal word*
*vir elkeen wat vir ons 'n 'naaste' is ...*

*Ons glo in die Heilige Gees*
*wat die helende, allesinsluitende Asem van God is,*
*wat ons help om die wêreld van vrees en skuld*
*te verruil vir die hemel van vergiffenis en versoening*

*~ 'n Geloofsbelydenis vir Vandag ~*

---

# IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ SWITCH OFF THE MACHINE — ARNO CARSTENS ~

***"It's what you do, what I don't do, why I love you ..."***